# Elke oor moet hoor

Wanneer Jesus twee en sewentig van sy volgelinge uitstuur om te gaan aankondig dat die koninkryk van God naby gekom het, roep Hy die kerk om te bid vir meer werkers. **"Die oes is groot, maar die arbeiders is min"** (Lk 10:2).


Die groot oes sluit in dat die kerk moet uitreik na "al die nasies" (Matt 28:19) en dat ons die uithoeke van die wêreld moet bereik met die Goeie Nuus van God se liefde. 'n Groot taak wat nog nooit verander het nie. Dit bly steeds ons roeping. Dit lyk egter na 'n onmoontlike opdrag as ons net kyk na hoe ons daardie mense probeer bereik wat alreeds deel van die kerk is. Ons sukkel om genoeg werkers te kry, net om die mense wat sê dat hulle lidmate van 4 Ankers is, te kan versorg.

Na Aksie Nehemia, waartydens ons baie inligting versamel het, het ons die gemeente van voor af ingedeel in nuwe wyke. Sover moontlik wissel wyke tussen vyf en agt huise of besoekpunte. Wyke is nodig sodat ons sistematies elke huis kan besoek en elke lidmaat kan bedien.

Dit is een van ons ideale om elkeen te kan bereik en nie net seker te maak dat hy of sy 'n verhouding met die Here het nie, maar dat elkeen ook groei in hierdie verhouding en dat almal bewus is van hulle gawes en roeping om te kan vrug dra in die gemeente en in die wêreld.

Ons is tans besig om daardie wyke te identifiseer waar daar nie 'n kerkraadslid is nie, en ongelukkig is dié wyke by verre in die meerderheid. Saam met die ondersoek waar daar niemand werk nie, probeer ons identifiseer wie die werk daar kan doen.

Ons wil egter mooi vra dat u ons in hierdie proses op drie maniere moet help. Die eerste manier is 'n opdrag van die Here self. Bid vir genoeg werkers. Vra dat die Here ons sal seën met entoesiastiese manne en vroue wat die droom deel dat elkeen die Goeie Nuus moet hoor. Die tweede manier waarop u kan help, is om nie te wag totdat u gevra word om te help nie. Kom meld self aan vir diens. Die laaste manier is, as u gevra word om te help, oorweeg dit biddend en word deel van die span.



## Kleingroep-ontwikkeling — Donderdag 7 November

Die kerkraad beplan 'n kort seminaar oor kleingroep-ontwikkeling op Donderdag 7 November vanaf 16:00. Kundiges op die gebied van die NG gemeente Witrivier sal die gesprek lei. Eintlik gaan hulle net hulle gemeente se "storie" met kleingroepe kom deel en ons bid dat hulle vertellings ons sal inspireer om self in hierdie bediening te groei. Alle belangstellendes en betrokkenes word uitgenooi. Skakel asseblief met die kerkkantoor sodat ons kan weet hoeveel mense kom. Bywoning is gratis.

## Aquila Bybel Projek kry vlerke

John Matthews(VSCV) verduidelik, die Aquila Bybel Projek

Elke Aquila Bybel gebruiker skryf sy/haar naam, dorp, land, e-pos en selfoonnommer voorin die Bybel teenoor die kalendermaand wanneer die Bybel gebruik word.




Die bedoeling is dat die gebruiker, wat die Aquila Bybel gedurende 'n betrokke maand besit, dit gebruik vir Bybelstudie en die Skrifgedeeltes wat hom/haar raak, sal merk of onderstreep - met die datum daarby. Daardeur gaan getuienis uit van die impak en effek van die lewende Woord van God op elke daaropvolgende gebruiker van die betrokke Bybel.